# DIE ONTWIKKELING VAN DIE SA LEËR IN DIE GRENSOORLOG, 1966-1989

**Leopold Scholtz***

***Summary***

*The aim of this article is to analyse known facts from a specific viewpoint and, in doing so, to enhance our understanding of the Border War. The real focal point is the South African Army and the influence of the war on its development. Here the war serves as a catalyst. The army was hopelessly unprepared and the shock of its defeat in the first phase of the Angolese Civil War in 1975-'76 was a wake-up call. It led to introspection, resulting in an urgent arms development programme, radical reorganisation and the development of refined doctrines concerning counter-insurgency and conventional warfare. Ultimately the lack of intellectual thought would revenge itself upon the Army.*

## 1. INLEIDING

Oor die Grensoorlog in Namibië en Angola, en veral die Suid-Afrikaanse aandeel daarin, het al heelparty boeke en akademiese artikels verskyn.[1] Sommige bestryk die hele oorlog; ander behandel bepaalde aspekte daarvan. Daar is egter ruimte vir talle meer, namate steeds meer bronne ontsluit word en nuwe gesigspunte na vore kom.

Die doel van dié artikel is nie soseer om nuwe feite te openbaar nie. Die doel is om bekende feite vanuit 'n bepaalde hoek te ontleed en so ons begrip van die Grensoorlog te verhelder. Dit is nie die konflik self wat hier die hoof-onderwerp is nie; die geskiedenis van die oorlog is 'n gegewe wat by die akademiese leser as betreklik bekend veronderstel word. Die eintlike fokuspunt is die SA Leër en die invloed wat die stryd op sy ontwikkeling gehad het. Die oorlog dien hier as katalisator.

* Buitengewone hoogleraar in Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, asook adjunkredakteur van **Die Burger**. E-pos: lscholtz@dieburger.com.

1 Dit is nie die plek dié vir 'n volledige bibliografie nie. Onder die belangrikste literatuur tel ewenwel die volgende: Willem Steenkamp, **South Africa's border war 1966-1989** (Gibraltar, Ashanti, 1989); Willem Steenkamp, **Borderstrike! South Africa into Angola** (Durban, Butterworths, 1983); Helmoed-Römer Heitman, **War in Angola. The final South African phase** (Gibraltar, Ashanti, 1990); en Fred Bridgeland, **The war for Africa. Twelve months that transformed a continent** (Gibraltar, Ashanti, 1990).

Dis bekend dat die Leër as belangrikste onderdeel van die SA Weermag (SAW) hopeloos onvoorbereid betrap is toe die eerste skote in Augustus 1966 in die destydse Suidwes-Afrika geklap het. Die tese van dié analise is dat die Leër in die eerste jare maar min moeite gedoen het om hom by die snelveranderende situasie aan te pas, en dat dit die skok van sy nederlaag in die eerste fase van die Angolese Burgeroorlog in 1975-'76 sou wees wat hom laat wakker skrik het. Dit het aanleiding gegee tot 'n ingrypende selfondersoek, wat uitgeloop het op 'n dringende wapenontwikkelingsprogram, ingrypende reorganisasie, en die ontwikkeling van verfynde doktrines op sowel die terrein van teeninsurgensie (TEIN) as konvensionele oorlogvoering. Uiteindelik sou die gebrek aan intellektuele nadenke oor oorlogvoering hom egter op die Leër wreek.

## 2. DIE LEËR VOOR DIE SEWENTIGERJARE

Die Grensoorlog het op 26 Augustus 1966 begin, toe 'n mag van 130 man - nege lede van 1 Valskermbataljon en die res polisiemanne - onder die bevel van kmdt. (later kol.) Jan Breytenbach 'n aanval op 'n Swapo-basis te Ongulumbashe in Ovambo gedoen het.[2] Waarskynlik weens onwilligheid om te erken dat Swapo 'n werklike bedreiging vir die Suid-Afrikaanse heerskappy in die destydse Suidwes-Afrika kon inhou, het die Suid-Afrikaanse regering hierna besluit om die bestryding van die insurgensie nie aan die SA Weermag toe te vertrou nie, maar aan die SA Polisie. Dit hou natuurlik ook verband met die feit dat die ontplooiing van 'n weermag in 'n binnelandse rol baie sterk seine uitstuur oor die binnelandse situasie in die algemeen en die regering se posisie in die besonder. Dit sou so bly tot 1973, toe die SAW wel die verantwoordelikheid oorgeneem het.

Die Leër het in dié stadium nog sterk gely aan die verwaarlosing waaraan hy ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog onderwerp is, sowel as deur die uittog van ervare Engelssprekende lede - die sogenaamde Erasmus-hervormings. Die meeste wapentuig het inderdaad uit dié konflik gedateer, ofskoon 'n beperkte moderniseringsprogram in die vroeë sestigerjare begin is. Die infanterie se Lee Enfield is, byvoorbeeld, vervang met die R1, en die Bren-masjiengeweer gedeeltelik met 'n LMG van 7,62-mm-kaliber, terwyl die soldate in nuwe Bedford-vragmotors vervoer is, pleks van die ou Ford-"hemelbeddens". Die infanterie het ook 'n aantal Saracen gepantserde troepedraers uit die vroeë vyftigerjare gehad. Maar hul belangrikste tenkafweerwapen was steeds die sesponderkanon en 3,5 duim-vuurpylrigter (die ENTAC-tenkafweermissiel het sy opwagting juis in 1966 gemaak), terwyl die proses om die ou 3 duim-mortier met die 81 mm te vervang, nog skaars begin het.

2 Peter Stiff, **The silent war. South African recce operations 1969-1994** (Alberton, Galago, 1999), pp. 36-7. Die dag se gebeure en die agtergrond is uitvoerig beskryf deur Paul J Els, **Ongulumbashe. Die begin van die bosoorlog** (s.p., PelsA, 2004).

Die Eerstewêreldoorlogse Vickers sou nog 'n goeie dekade of langer die belangrikste swaar masjiengeweer bly. Die pantserafdeling het weliswaar in die vroeë vyftigerjare 206 Centurion-tenks van Brittanje aangeskaf, maar die helfte daarvan is kort hierna weer aan Switserland verkoop. Vir die res was Shermans en Comets uit die Tweede Wêreldoorlog steeds operasioneel. Die artillerie was toegerus met ligte 25-ponder-kanonne (88 mm) en medium 5,5 duim-kanonne (140 mm), wat albei uit die Tweede Wêreldoorlog dateer het.

Die vrywillige dienspligstelsel is weliswaar in 1962 vervang met 'n lotingstelsel waarvolgens sommige jong blanke mans nege maande diens moes doen. Maar dit was te kort om hulle sowel op te lei as behoorlik aan te wend, en dis in 1968 vervang met 'n algemene dienspligstelsel van 12 maande. Die meeste infanteriebataljons was maar van 'n swak gehalte. Ene "Cobus", wat sy ervarings in uniform op die internet geboekstaaf het - hy het hom in 1967 by 3 SAI (Lenz) aangemeld - skryf tereg: "Now that I look back at it, I think that basic training was pretty poor. You fired a couple of rounds through your R1, went out into the veld a couple of times, and nothing more. A fair amount of square-bashing and PT. You were just being chased around and buggered about. It wasn't learning to become a soldier; not learning to fight."[3] (Net om "Cobus" se geloofwaardigheid te verduidelik: hy het hom ná sy basiese opleiding by 1 Valskermbataljon aangesluit en was onder meer in 1978 by die aanval op die Swapo-basis Cassinga betrokke, waar hy gewond is.)

Die skrywer van dié artikel, wat in 1966 in die Leërgimnasium opgelei is, kan uit eie ervaring bevestig dat hy en sy mede-gimnasiumlede slegs vir twee eenhede respek gehad het - die Leërgimnasium self, en die Valskermbataljon ("Parabats"), gestig in 1961. Die spesiale magte (spesmagte) - die Verkenningskommando ("Recces") - is eers in 1969 gestig. (Vir húlle sou die Gimnasiaste ongetwyfeld ook respek gehad het.)

Dit is 'n feit dat die Leër in 1966 volstrek nie in staat was om enige oorlog van watter aard ookal met sukses te voer nie. Tog was die erfenis wat die organisasie weldra in 'n hoogs mobiele en geharde mag sou omskep, wel deeglik daar. Die Leër van die sestigerjare was naamlik die afstammeling van twee voorouers, te wete die Britse leër en die Boerekommando's van die 18de en 19de eeu, wat hul hoogtepunt bereik het in die Anglo-Boereoorlog.

Organisatories en wat die uiterlike kultuur betref, was die Leër feitlik 'n kloon van die Britse leër. Die uniforms, die manier van marsjeer en salueer, die wyse waarop offisiere in die openbaar en teenoor mekaar moes optree, was alles intens Brits.

3 "Cobus", **Parabat** (www.geocities.com/sadfbook/2cobuc.htm?200611), opgeroep 11 April 2006.

Ook doktrinêr was die Britse invloed duidelik sigbaar, want talle senior offisiere en onderoffisiere het immers in die Tweede Wêreldoorlog in Noord-Afrika en/of Italië teen die Italianers en Duitsers geveg.

Tog was die tradisie van berede mobiliteit, wat by uitstek die erfenis van die Boere-kommando's was, altyd vlak onder die oppervlak. In die enigste periode van die Tweede Wêreldoorlog toe die Suid-Afrikaanse magte taamlik onafhanklik kon opereer - die verowering van Somalië en Ethiopië in 1940 - het offisiere soos genl. Dan Pienaar en ander hul magte in gemotoriseerde infanteriekolonnes (amper soos die ou kommando's, maar met vragmotors in die plek van perde) georganiseer en die Italianers in 'n mobiele warrelwind-veldtog onder die stof geloop.[4] Hierdie tradisie sou, veral ná 1978, met die oorgrens-operasies in Angola blitsvinnig weer sy kop uitsteek.

Reeds in 1960 het die destydse Generale Staf van die SAW vir die eerste keer 'n waardering van die Suid-Afrikaanse strategiese situasie gemaak, en binnelandse onrus en opstand as 'n bedreiging geïdentifiseer. Na aanleiding hiervan is in dieselfde jaar met 'n opleidingskursus in teeninsurgensie-oorlogvoering begin. In 1968 is die oefening herhaal, en is die binnelandse element as bedreiging aangevul met die gevaar van 'n konvensionele aanslag teen die land. Na aanleiding hiervan is die uiters belangrike besluit geneem dat die Leër hom nie deur statiese verdediging sou laat lei nie, maar (ooreenkomstig sy erfenis) op mobiele oorlogvoering sou konsentreer. 'n Omvattende proses het dus begin om die Leër se operasionele en taktiese doktrine, wat in dié stadium steeds uit die Tweede Wêreldoorlog dateer het, te moderniseer.[5] Dit het gebeur teen die agtergrond van 'n globale geostrategiese situasie - die Koue Oorlog - waarin teeninsurgensie toenemend 'n globale fenomeen begin word het, soos die destydse gebeure in lande van Viëtnam tot Rhodesië bewys het.

Dis opgevolg met 'n reorganisasie van die Leër in 1974. Toe is die mag in twee duidelik-onderskeibare soorte eenhede verdeel, te wete konvensionele en TEIN-eenhede. Wat eersgenoemde betref, is hulle georganiseer in twee konvensionele formasies, 7 Infanteriedivisie en 8 Pantserdivisie (saamgevoeg in 1 SA Korps). Terselfdertyd is etlike binnelandse kommandemente en groephoofkwartiere gestig om binnelandse beveiliging te hanteer. Waar 1 SA Korps uitsluitend uit konvensionele Burgermagregimente bestaan het, is die kommandemente en groepe hoofsaaklik deur kommando's beman.[6]

---

4 Vgl. hieroor James Abrose Brown, **The war of a hundred days. Springboks in Somalia and Abyssinia 1940-41** (Johannesburg, Ashanti, 1990).

5 Kyk Kriek van der Merwe, **Die Suid-Afrikaanse Leërgevegskool. Ontstaan en ontwikkeling 1978 tot 1996** (SA Leërgevegskool, Postmasburg, 1996), pp. 13-9.

6 **Ibid**., pp.27-9.

## 3. DIE ANGOLESE SKOK

Dit kan hier nie die doel wees om die Suid-Afrikaanse aandeel in die Angolese burgeroorlog in 1975-'76 te beskryf nie. Dis voldoende om te vermeld dat die Leër verskeie mobiele veggroepe op die been gebring het om te keer dat die Marxisties-georiënteerde MPLA die alleenmag in Angola verkry. Baie van die veggroepe se mannekrag is deur Angolese FNLA-troepe verskaf, maar die belangrikste vuurkrag is verskaf deur Suid-Afrikaanse dienspligtiges wat toegerus was met Eland 90-pantserkarre, asook 25-ponder- en later ook 5,5-duimkanonne. Die mobiliteit is verskaf deur Unimog- en Bedford-vragmotors. Gelei deur offisiere soos kol. Koos van Heerden en kmdte. Jan Breytenbach, Delville Linford en George Kruys (later brig.genl.), het dié veggroepe gewys dat die konsep van mobiele oorlogvoering as 't ware in die gene van die Suid-Afrikaanse militêre was. Die verbysterend-snelle opmars noordwaarts in Angola het die MPLA telkens onkant betrap, voordat Kubaanse versterkings en 'n ongunstige internasionale klimaat die Suid-Afrikaners gedwing het om weer suidwaarts tot oor die grens van Suidwes te retireer.[7]

Afgesien van die enorme politieke skade wat die veldtog Suid-Afrika berokken het, kan daar geen twyfel wees dat Operasie Savannah 'n uiters versoberende uitwerking op die Leër en die SAW as geheel gehad het nie. Dis waar, die veggroepe het uitgeblink in mobiliteit en verrassing. Dis ook waar dat die Suid-Afrikaners takties baie knap was, soos onder meer die oorwinning by Brug 14 getuig. Maar die Suid-Afrikaners het ook swaar taktiese nederlae gely, onder meer by Ebo, die verste noord wat die suidelike veggroepe gevorder het. Daar is hulle deur Kubaanse versterkings gestuit en is swaar verliese toegedien.[8]

Operasie Savannah was vir Suid-Afrika 'n gemengde ervaring. Afgesien van die groot politieke prestigeverlies wat die blanke regering gely het, het die Leër tog sy eerste ervaring van gemeganiseerde oorlogvoering in die Afrikabos gehad, en as sodanig is belangrike lesse geleer. Een van die belangrikstes was die ontoereikendheid van sy wapentuig. Soos Willem Steenkamp skryf: "For the South Africans - short of men, short of equipment, their defence force still struggling to wrench itself free of the decades of neglect that had followed World War II - the situation was immensely worrying."[9] Dit is 'n feit dat die Unimogs en Bedfords te sag vir die ruwe terrein was en 'n behoorlike infanteriegevegsvoertuig was nodig. Die Eland

---

7 Vgl. hieroor F du T Spies, **Angola. Operasie Savannah 1975-1976** (Pretoria, SA Weermag Direktoraat Openbare Betrekkinge, 1989) en Sophia du Preez, **Avontuur in Angola. Die verhaal van Suid-Afrika se soldate in Angola 1975-1976** (Pretoria, Van Schaik, 1989). Die Kubaanse kant van die verhaal word vertel deur Piero Gleijeses, **Conflicting missions. Havana, Washington, Pretoria** (Alberton, Galago, 2003).

8 Vgl. hieroor Spies, pp. 185-90; Du Preez, pp. 134-45; Gleijeses, pp.316-7.

9 Steenkamp, **South Africa's Border War,** p.61.

90-pantserkarre kon met hul vier wiele ook nie oral ewe gemaklik beweeg nie - die nederlaag by Ebo was juis onder meer daaraan te wyte.[10] Die SAW het niks gehad waarmee hy werklik Fapla (die MPLA se gewapende mag) of die Kubane se T-34- en T-55-tenks tegemoet kon tree nie; die Eland se 90 mm-kanon het nie voldoende deurdringingsvermoë teen tenks gehad nie, 'n probleem wat later met die Ratel-90 ook weer sou opduik. Die artillerie se reikwydte was onvoldoende, vergeleke met dié van die Kubane. Die Kubane se "Stalin-orrels" - 'n taktiese vuurpylstelsel - het groot sorge gebaar, en 'n behoefte aan iets soortgelyks in die SAW is geïdentifiseer.

Inderwaarheid is al in 1974 met 'n groot poging begin om allerlei moderne wapentuig vir die SAW en veral die Leër te ontwikkel, maar die gebeure tydens Operasie Savannah het sake in 'n stroomversnelling laat beland. Een van die heel eerste deurbrake was die ontwikkeling van die Ratel-infanteriegevegsvoertuig, en in 1977 kon die Minister van Verdediging aan die Parlement verslag doen dat die Ratel "met welslae geïndustrialiseer" is.[11]

Die belang van die Ratel kan moeilik oordryf word. Dit was die enkele belangrikste sleutelwapenstelsel wat die Leër in die komende jare in staat gestel het om oorgrens-operasies in Angola van stapel te stuur. Met sy ses wiele, wat bowendien met "paploopbande" toegerus was (waardeur 'n pap wiel nie die voertuig sou uitskakel nie), was die Ratel - letterlik rateltaai - regdeur die laat sewentigerjare en die tagtigerjare die Leër se mees mobiele voertuig in bosomstandighede. Die infanterie-gevegsweergawe was toegerus met 'n snelvuur-20 mm-kanon wat sowel brisant- as pantserbreekammunisie kon vuur en het plek gehad vir 'n seksie infanterie, wat halflyf uit luike bo die voertuig of deur skietgate in die kante kon skiet. Die hele idee was om die infanteriemag, waarvan die mobiliteit tot dusver van "sagte" vragmotors afgehang het, behoorlik te meganiseer. Die infanterie sou die slagveld dus in 'n gepantserde voertuig betree wat uit eie reg 'n formidabele gevegsvermoë gehad het. Wanneer dit nodig was, kon die seksie binne sekondes uitspring en per voet verder veg. Nie alleen het dit aan die infanterie 'n ongehoorde mobiliteit besorg nie, maar het gemaak dat hulle gevegte relatief vars kon betree - in elk geval vergeleke met soldate wat eers tientalle kilometers met swaar pakke moes stap om by die gevegsfront uit te kom. Die Ratels het die infanteriste bowendien beskerming gebied teen kleingeweervuur, ofskoon nie teen die Russiese 23-mm-kanonne, waarmee sowel Swapo as Fapla toegerus was nie.

Daar was voorts verskillende modelle Ratels. Afgesien van bogenoemde Ratel-20 was daar ook een met 'n 90 mm-kanon, wat basies die Eland-90 se toring bo-op die Ratel-onderstel was. Dié model is as tenkafweerwapen aangewend en het by ver-

10 Vgl. hieroor Du Preez, pp. 144-5.
11 Departement van Verdediging, **Witskrif oor Verdediging 1977**, p. 27.

skeie geleenthede suksesvol selfs Angolese T-55's aangevat, ofskoon sy 90 mm-kanon nie werklik daarvoor geskik was nie. Dan was daar die Ratel-Bevel, wat spesiaal as mobiele hoofkwartier toegerus was en 'n 12,7 mm-masjiengeweer, asook modelle om mobiele mortiere en selfs tenkafweermissiele te dra. Alles in ag genome was die Ratel waarskynlik die beste en mees buigsame stuk wapentuig in die Leër se arsenaal, een waarsonder sy operasies in Angola volstrek onmoontlik sou gewees het.

'n Ander wapenstelsel wat die regstreekse gevolg was van die ervaring uit Operasie Savannah was die medium G-5-kanon (155 mm) en sy selfaangedrewe eweknie, die G-6. Dié kanonne het die (vir destyds) verbysterende reikwydte van tot 40 km gehad, iets wat sover bekend selfs vandag nog nie deur enige ander medium kanon ter wêreld geëwenaar word nie. (Dis ondertussen tot 75 km uitgebrei.)[12] Die Kubaanse Stalin-orrels is nagemaak en verbeter in die vorm van die Valkyri-multilanseerder-artillerie-vuurpylstelsel. Met dié artillerie was die Leër uiteindelik in staat om enige teenstander akkuraat van 'n afstand te bestook sonder dat dié enigiets kon terugdoen. Die gebrek aan doeltreffende lugafweerartillerie het 'n probleem gebly. Die Kaktusmissielstelsel het onvoldoende vir die bos geblyk te wees, en die enigste tussentydse stelsel was die Ystervark - 'n eenvoudige 20 mm-snelvuurkanon agter op 'n vragmotor, wat egter kwalik geskik vir gebruik teen MiG-21's of MiG-23's was.

Dit alles is aangevul deur die Olifant Mk 1-hoofgevegstenk. Die ou Centurion (waarvan etlike honderde afgedankte eksemplare glo van onder meer Jordanië en Indië verkry is - dalk sonder hul medewete?), is ingrypend gemoderniseer. Die petrolenjin is met 'n nuwe dieselenjin vervang, en 'n nuwe, gestabiliseerde 105 mm-kanon is aangebring. Bykomende pantserplate is aangebring. Die Olifant sou eweneens 'n belangrike vuis vorm in die heel laaste fase van die oorlog en was bedoel as antwoord op die Russiese T-62-tenk, wat teen die middel-tagtigerjare vir die eerste keer in Suider-Afrika opgemerk is.[13]

## 4. DOKTRINE EN PRAKTYK: TEEN-INSURGENSIE

Die doktrines waarop die Leër se operasies in die sewentiger- en tagtigerjare berus het, dateer reeds uit die sestiger- en sewentigerjare, maar sou in die tagtigs verder verfyn word. Aan die toppunt van die trapleer het die Minister van Verdediging reeds in 1977 gevra dat 'n "Totale Nasionale Strategie" op die hoogste vlak geformuleer word. Hy het gesê die verantwoordelikheid vir nasionale veiligheid berus nie net by die Weermag nie. "Inteendeel, alle staatsdepartemente dra die gemeen-

12 Bastiaan Verhoek, "Denel shatters artillery records", **South African Soldier**, Julie 2006, p. 13.
13 Vgl. **Witskrif oor Verdediging en Krygstuigvoorsiening 1986**, p. 12.

skaplike verantwoordelikheid" daarvoor. "Dit kan verder gevoer word - die hele bevolking, die nasie, en elke bevolkingsgroep, dra die verantwoordelikheid."[14]

Dit was die grondslag vir die sogenaamde Totale Strategie as antwoord op wat genoem is die Totale Aanslag. Dié konsep, wat eintlik vir ernstige misverstande vatbaar was, het nie bepaal dat die aanslag totaal in sy *intensiteit* was nie, maar in sy *breedte* - 'n aanslag op elke moontlike terrein, en wat dus op alle moontlike terreine gekoördineerd beantwoord moet word. Dit was hoofsaaklik gegrond op die geskrifte van die Franse genl. André Beaufre en die Franse TEIN-ervarings in die Algerynse Vryheidsoorlog (1954-1962).[15]

In dié raamwerk het die Weermag en die Leër maar slegs 'n deel van die oplossing gebied. Teen dié agtergrond het die Leër hom op sowel TEIN- as konvensionele operasies toegespits en het sy struktuur, met TEIN- én konvensionele eenhede, hom goed hiertoe geleen.

Wat TEIN betref, het die Leër op verskeie plekke gaan kers opsteek. As jong offisier in die vyftigerjare het die latere generaal en verdedigingsminister, Magnus Malan, 'n tyd as Suid-Afrikaanse waarnemer by die Franse magte in Algerië deurgebring, waar hy, onder meer, kennis met Beaufre self gemaak het. Ietwat later het hy ook aan die Amerikaanse Leërbevel- en Generale Stafkollege gestudeer, waar hy TEIN ook onder die loep geneem het.[16] Die Leër het voorts in die sestiger- en vroeë sewentigerjare waarnemers in Angola en Mosambiek by die Portugese koloniale magte gehad. Die groot deskundige hier was kmdt. (later brig.genl.) "Kaas" van der Waals,[17] wat later 'n boek oor die onderwerp geskryf het.[18] Eweneens is intensief gelet op die oorlog in die destydse Rhodesië, veral omdat verskeie Suid-Afrikaanse eenhede en individuele offisiere en onderoffisiere klandestien aan die Rhodesiese kant geveg het.[19]

Later het 'n Suid-Afrikaanse offisier, kmdt. Jakkie Cilliers, selfs 'n uitstekende MA-verhandeling oor die oorlog in Rhodesië geskryf en tot die gevolgtrekking gekom dat die Rhodesiese weermag hom blind gestaar het teen operasies in die "blanke" gebiede en oorkant die grens in Mosambiek en Zambië, en nie ingesien het dat ver-

14 **Witskrif oor Verdediging 1977**, p. 4.
15 Kyk Philip H Frankel, **Pretoria's praetorians. Civil-Military relations in South Africa** (Cambridge, Cambridge University Press, 1984), pp. 46-70 vir 'n uitvoerige bespreking van Beaufre se invloed.
16 Vgl. Gavin Cawthra, **Brutal force. The Apartheid war machine** (Londen, International Defence and Aid Fund, 1986), p. 28.
17 Vgl. Anette Seegers, **The military in the making of the modern South Africa** (Londen, Tauris, 1996), p. 141.
18 WS van der Waals, **Portugal's war in Angola 1961-1974** (Rivonia, Ashanti, 1993).
19 Vgl. bv. Jack Greeff, **A greater share of honour** (Ellisras, Ntomeni, 2001), pp. 48-9.

al Zanu hom ongesiens in die swart stamgebiede gewortel en selfs 'n rudimentêre alternatiewe regeringstruktuur op die been gebring het nie. Die Rhodesiërs het die vyandelike krygsmagte as hul hoofteiken gesien en die eintlike doelwit, die "hearts and minds" van die swart plaaslike bevolking, misgekyk, aldus Cilliers.[20] Daar kan aanvaar word dat talle SAW-offisiere die boek gelees en dat minstens sommiges die lesse ter harte geneem het.

'n Belangrike bron vir die Leër se denke oor TEIN was die boek van die Amerikaanse skrywer, John McCuen, **The art of counter-revolutionary warfare**,[21] wat aanbeveel het dat die teenrevolusionêr 'n duidelike en omvattende politieke doelstelling voor oë moet hou, dat die massa, veral die "stille meerderheid", teen die insurgente gemobiliseer moet word en dat alle staatsdepartemente se pogings in 'n enkele oorkoepelende en geïntegreerde plan saamgesnoer moet word (die Totale Strategie!). Dié boek het ook 'n groot invloed gehad en is wyd gelees.[22]

Volgens lt.kol. Abel Esterhuyse is McCuen se idees destyds min of meer as 'n Bybel in die SAW en die Leër beskou.[23]

Oor die algemeen was offisiere se belangstelling egter hoofsaaklik tot die taktiese vlak beperk. Die belangrikste rede daarvoor was die tradisionele minagting vir intellektueel-geskoolde offisiere - lt kol. Abel Esterhuyse van die Militêre Akademie op Saldanha praat selfs van 'n "anti-intellektuele klimaat" in dele van die ou SAW.[24] "From the time of Union", skryf Anette Seegers, "debates about the Department of Defence held that military experience counted for more than intellectual or staff ability. Staff courses and later joint staff courses at the Defence College favoured those with operational experience … Even for its élite, the SADF thought theory best ignored." [25]

---

20 JK Cilliers, **Counter-insurgency in Rhodesia** (Londen, Croom Helm, 1985). Gewese Portugese en Rhodesiese soldate het hulle ná die val van hul regerings by Suid-Afrikaanse elite-eenhede aangesluit, maar dis te betwyfel of dié individue 'n belangrike invloed op die denke van die SA Leërleiding uitgeoefen het.

21 JJ McCuen, **The art of counter-revolutionary warfare. The strategy of counter-insurgency** (Londen, Faber & Faber, 1966).

22 Seegers, pp. 140-1.

23 Onderhoud met lt.kol. Abel J Esterhuyse, dosent in Militêre Strategie aan die Militêre Akademie te Saldanha, 18 April 2006.

24 **Ibid**.

25 Seegers, p. 141. 'n Goeie kennis van die skrywer is in die jare negentig nog meegedeel dat hy homself buite spel in die Weermag plaas as hy van sy eenheid, een van die voorste gevegseenhede in die Leër, na die Militêre Akademie as dosent skuif. Kontrasteer dit met die loopbaan van Harry McMaster, 'n Amerikaanse pantseroffisier wie se aksie in die Golfoorlog van 1991 as só klassiek beskou word dat 'n rekenaarprogram daaroor ontwikkel is en in opleiding gebruik word. Ná afloop van sy diens in Koeweit en Duitsland het McMaster, toe 'n kaptein, verkies om dosent in krysgeskiedenis by West Point te word. Hy is tans reeds kolonel.

Nietemin was daar wel twee belangrike uitsonderings. Die een was lt.genl. CA "Pop" Fraser, Hoof van Gesamentlike Operasies in die sestigerjare, wat in 1969 'n ongepubliseerde studie geskryf het met die titel **Lessons learnt from past revolutionary wars**. Ofskoon die studie taamlik wyd in die SAW versprei is, kon die SANW-Dokumentasiesentrum geen afskrif daarvan opspoor nie. Vermoedelik omstreeks dieselfde tyd het hy egter 'n lesing voor die SA Instituut vir Internasionale Aangeleenthede gegee, waarin hy soortgelyke geluide gemaak het.[26]

Fraser, duidelik beïnvloed deur sowel Beaufre as McCuen, het dit gestel dat 'n oorwinning in revolusionêre oorlogvoering nie te danke kan wees aan "the clash of two armies on the field of battle" nie. Inteendeel: "Military operations ... are, in fact, of limited importance to both sides and are never the decisive instrument in the total strategy. Instead these wars are conducted by the revolutionary (and the government in power - if they learnt how) as a carefully orchestrated dialectic consisting of a series of actions, political, administrative, economic, psychological, supported by military action." Dit beteken, het hy gesê, dat die "objectives for both the revolutionary and for the government is, thus, not to capture territory but to capture the hearts and the minds of the population itself. The operations designed to win the population over to the revolutionary (or to keep it at least submissive to the dictates of the government) are essentially of a political nature." Met ander woorde, "the revolutionary is immune to the application of military might".[27]

Die tweede offisier wat klaarblyklik op intellektuele én praktiese vlak oor TEIN-oorlog nagedink het, was genl. Jannie Geldenhuys. Geldenhuys het in Januarie 1976 bevelvoerende generaal (BG) van die Kommandement Suidwes-Afrika geword - 'n aanstelling wat baie bygedra het tot die ommekeer in die oorlog. In sy memoires gee Geldenhuys 'n goeie uiteensetting van sy en sy staf se gedagteprosesse oor hoe om die verloorstryd in 'n wenkonflik te omskep.[28]

Wat die oorlog in Suidwes betref, is veral drie punte hier van belang:[29]

- Ten eerste het die Leërleiding taamlik vinnig besef dat Swapo nie toegelaat moes word om die oorlog wyd te rek nie. Die feit dat die beweging hoofsaaklik deur Ovambo's gesteun is, het gehelp dat die konflik binne Suidwes vanaf die laat sewentigerjare tot die betreklike klein gebied van Ovamboland (56 000 ha) beperk kon word. Binne daardie gebied is permanent intensief te voet, te perd,

[26] My dank aan die SANW-Dokumentasiesentrum vir die moeite met die opspoor van die lesing.
[27] CA Fraser, "The strategy of the revolutionary" (lesing voor die SAIIA, s.d.).
[28] Jannie Geldenhuys, **Dié wat wen. 'n Generaal se storie uit 'n era van oorlog en vrede** (Kaapstad, Van Schaik, 1993), pp. 62-79.
[29] Dié beskouing word gegrond op Leopold Scholtz se "The Namibian border war: An appraisal of the South African strategy", **Scientia Militaria** 34/1, 2006, pp. 19-48.

en met voertuie gepatrolleer, met reaksiemagte wat permanent vir opvolgoperasies paraat was wanneer kontak met Swapo gemaak is. Die wit dienspligtiges is toenemend aangevul met professionele soldate, dikwels swart, bruin of geel. Só suksesvol was dié strategie dat 'n insurgent teen die laat tagtigerjare gemiddeld slegs ses dae suid van die kaplyn was voordat die veiligheidsmagte van sy teenwoordigheid bewus geword het. Reeds teen 1981 is 84% van alle vuurgevegte tussen Swapo-insurgente en Weermagpatrollies deur laasgenoemdes geïnisieer,[30] wat 'n aanduiding is van die mate waarin die veiligheidsmagte die inisiatief binne Ovambo verkry het.

- Dit het gepaard gegaan met 'n intensiewe burgeraksieprogram om die "hearts and minds" van die plaaslike bevolking te wen. Soos Fraser tereg gesê het, is die vyandelike krygsmag in 'n guerrilla-oorlog nie soseer die swaartepunt nie, maar die lojaliteit van die bevolking, aangesien die guerrillas nie sonder hul hulp in die veld kan oorleef nie. In Suidwes het die SAW dus 'n groot poging aangewend met die lewering van dokters/medici, ingenieurs, onderwysers en ander (dikwels dienspligtiges) om die mense te oortuig dat Swapo nie die pad is om te loop nie. Gemengde welslae is behaal: in Ovambo, waar Swapo hom reeds voor die aanvang van die oorlog as geloofwaardige bevrydingsbeweging gevestig het, was die sukses beperk; elders baie groter. Maar aangesien die Ovambo's sowat 60% van die bevolking uitgemaak het en die inwoners van Ovambo sowat 46%, kon dit Swapo uiteindelik nie keer om die verkiesing van 1990 met 'n stemmetal van by die 57% te wen nie.

- Reeds vroeg in 1978, toe Swapo nog die inisiatief gehad het, het die Weermagleiding tot die gevolgtrekking gekom dat dit militêr onverstandig was om te sit en wag dat Swapo-kaders die grens oorsteek voordat daar teen hulle opgetree kon word. Dit het bygedra tot die destyds ongunstige veiligheidsituasie. Die aanbeveling aan die Kabinet was gevolglik dat groot oorgrensoperasies uitgevoer moes word om Swapo se opleiding en voorbereiding vir sy offensiewe te ontwrig, en om 'n bufferstrook in Suid-Angola te skep waardeur Swapo se insypeling na Ovambo aansienlik moeiliker sou word. Ná die eerste oorgrensaksie, Operasie Reindeer in 1978, het verskeie ander gevolg, sommige meer suksesvol as ander. Daar was twee soorte, te wete hakkejagoperasies, waar Swapo-vegters oor die grens in Angola agtervolg is, en voorsprongoperasies, wat bedoel was om Swapo se offensiewe te ontwrig. Die somtotaal was

---

30 Departement van Verdediging, **Witskrif oor Verdediging en Krygstuigvoorsiening, 1982**, p. 6.

ewenwel dat die rug van Swapo se insurgensie gebreek is.[31] Daar is sterk aanduidings dat Swapo teen 1989 'n geknakte mag was wat egter deur politieke ontwikkelinge gered is.[32]

## 5. DOKTRINE EN PRAKTYK: KONVENSIONELE OORLOGVOERING

Die oorgrensoperasies waarna hierbo verwys is, was semikonvensioneel van aard, gegrond op hoogs mobiele saamgestelde veggroepe, 'n idee wat regstreeks na die Duitse *Kampfgruppen* in die Tweede Wêreldoorlog teruggevoer kan word.[33] 'n Goeie aanduiding van die operasionele doktrine wat aan dié soort operasie ten grondslag gelê het, is in 1984 se Verdedigingswitskrif gegee:

"Brigades en veggroepe wat vir konvensionele operasies aangewend word, moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Hulle moet hoogs mobiele en gemeganiseerde magte wees wat wydverspreid kan optree om verskeie doelwitte tegelyk te kan aandurf.
- Hulle moet hoofsaaklik selfonderhoudend wees, omdat gevegte verkieslik buite die RSA se landsgrense sal geskied. 'n Vermoë om voertuigverliese ver vorentoe te kan herstel, asook 'n hindernis-oorstekingsvermoë, is noodsaaklik.
- Hulle moet oor groot vuurkrag beskik om vegelemente wat wyd versprei is, doeltreffend te kan ondersteun.
- Hulle moet die vermoë hê om in die nag te kan optree.
- Hulle moet oor 'n teeninsurgensie-vermoë beskik om 'n vyand wat verdeel en verjaag is, te kan opruim."[34]

In 1987, net toe die konflik sy klimaks nader, het 'n interessante boek aan die hand van kol. (later lt.genl.) Roland de Vries verskyn.[35] In dié boek met die prikkelende titel **Mobiele oorlogvoering** maak De Vries dit duidelik dat dit nie bloot om mobiliteit in die fisiese sin gaan nie, maar ook om mobiele (of buigsame en aanpas-

---

31 In 1984 het die destydse Hoof van die Leër, lt.genl. Jannie Geldenhuys, vertel dat die ongevalle-verhouding tussen Swapo en die SAW op sulke oorgrensoperasies tot 100:1 was, vergeleke die tussen 10 en 15:1 in "interne" operasies. Kyk JJ Geldenhuys, "Rural insurgency and counter-measures, in M Hough (red.): **Revolutionary warfare and counter-insurgency** (Pretoria, Instituut vir Strategiese Studie, 1984), p. 42.

32 Vgl. Colin Leys en John S Saul, "Liberation without democracy?", **Journal of Southern African Studies**, 20/1, March 1994, p. 145.

33 Onderhoud met lt.kol. Abel J Esterhuyse, dosent in Militêre Strategie aan die Militêre Akademie te Saldanha, 18 April 2006. Vir 'n beskouing oor die Duitse *Kampfgruppen*-konsep, vgl. James Lucas, **Battle group! German Kampfgruppen action of World War Two** (Londen, Cassell, 1993).

34 Departement van Verdediging, **Witskrif oor die Organisasie en Funksies van die Suid-Afrikaanse Weermag en die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika Beperk, 1984**, p. 37.

35 Roland de Vries, **Mobiele oorlogvoering. 'n Perspektief vir Suider-Afrika** (Menlopark, FJN Harman, 1987).

bare) denke. Hy verwys byvoorbeeld na "dogmatiese en subjektiewe benadering tydens opleiding" en sê diegene wat opgelei word, "word gedwing om soos hulle voorgangers en leermeesters te dink". Volgens hom word "die enkele militêre student wat wel met 'n nuwe gedagte kom … dikwels summier afgetakel en sy idees as byvoorbeeld 'nie volgens doktrine nie' afgemaak". Sy gevolgtrekking is ontstellend: "Die gevolg hiervan is dat buigsaamheid en inisiatief gedemp word. Vloeibaarheid wat in operasies noodsaaklik is, bereik nou reeds 'n stollingspunt."[36]

Die basiese doel van dié benadering, verduidelik De Vries, is dus "om die vyand op vindingryke wyse te uitoorlê, eerder as om by 'n kop-aan-kop volskaalse konfrontasie betrek te word - ***Bloed is beslis nie die prys van oorwinning nie***."[37] Teen dié agtergrond, en met gebruikmaking van talle historiese voorbeelde en aanhalings uit beroemde militêre skrywers en veldhere soos Basil Liddell Hart, Sun Tzu, Helmuth von Moltke, George Patton en andere, behandel hy dan konsepte soos maneuvrering, mobiliteit en vuurkrag, die indirekte benadering, blitsoorlog, bevel en beheer, guerrilla-oorlog en nagoorlogvoering. Telkens lê hy klem op onkonvensionele en innoverende denke, op verrassing, op die onverwagse handeling. Die boek is ongelukkig nie maklik geskryf nie - dit lees soos 'n kurkdroë opleidingshandleiding vir staatsamptenare - maar die gedagtes daarin getuig wel van diep nadenke en die behoorlike internalisering van die lesse van die geskiedenis, vertaal vir 'n moderne slagveld. Op grond van 'n onderhoud met kol. Robbie Hartslief, een van die SAW (en later die SANW) se voorste konvensionele offisiere, verklaar dr. Francois Vreÿ en kapt. Evert Jordaan egter dat baie min offisiere De Vries se idees verstaan en dat dit nooit werklik ingang in die SAW gevind het nie.[38]

Hoe ookal, in die proses het die Leër 'n reeks eenhede ontwikkel wat vir min ander in die wêreld teruggestaan het. 'n Mens dink veral aan 61 Gemeganiseerde Bataljongroep (61 Meg), wat bestaan het uit twee kompanies gemeganiseerde infanterie (Ratel-20), 'n eskadron pantserkarre (Ratel-90), 'n battery artillerie (G-5 en later G-6) en by geleentheid selfs 'n eskadron Olifant Mk 1-tenks. Hulle is baie effektief ondersteun deur gevegsondersteuningselemente soos 'n genie-eskadron en andere. Insgelyks is 32 Bataljon (Bn) wat aanvanklik 'n soort guerrilla-eenheid agter die vyandelike linies in Angola was en later ook 4 SAI en 8 SAI tot soortgelyke gemeganiseerde bataljongroepe omskep, en laasgenoemde twee het inderdaad soms as 62 en 63 Meg bekend gestaan. Hulle was as't ware permanente veggroepe, en 61 Meg het dan ook tot stand gekom uit Veggroep Juliet, wat in 1978 as mobiele reserwe in Suidwes gestig is.[39] 61 Meg was regdeur die tagtigerjare permanent in

36 **Ibid**., p. 174.
37 **Ibid**., p. xxii.
38 Lt. kol. Francois Vreÿ en kapt. Evert Jordaan, "Operational strategy and the South African way of war: The way forward", **Strategiese Oorsig vir Suider-Afrika,** XXVIII/1, Mei 2006, p. 42.
39 Van der Merwe, p. 179.

Suidwes gestasioneer en het aan sowat elke oorgrensoperasie deelgeneem. Ook die stigting van die Leërgevegskool te Lohatlha in 1978 het die konvensionele deel van die Leër in staat gestel om sy doktrines prakties te toets en die eenhede geleentheid te gee om in realistiese omstandighede te oefen.

Hiermee het die Leër prakties gestalte gegee aan die idee van organiese samewerking binne eenheidsverband tussen verskeie soorte troepe, soos gemeganiseerde infanterie, swaar en ligte pantser, artillerie, ensovoorts. Die idee is oorspronklik afkomstig van die vader van die Duitse pantsertroepe, *generaloberst* Heinz Guderian, en is in die Tweede Wêreldoorlog tot 'n fyn kuns ontwikkel.[40] Dit herinner ook nogal aan die Amerikaanse konsep van Pantserkavallerieregimente, met dien verstande dat die Amerikaanse eenhede geen organiese artillerie bevat nie.[41] Dit wys hoe die Leër op taktiese vlak teen die tagtigerjare, veral in konvensionele oorlogvoering, 'n uiters hoë peil bereik het. Wat 'n tragedie dat die leiding van die SANW in 2004 besluit het om 61 Meg weens finansiële en ander redes te ontbind!

Die konvensionele troepe is voorts beïnvloed deur kontak met die Israeliese weermag. In 1979 het 'n groep pantsertroepe Israel besoek om daar kennis te maak met die wyse waarop die Israeli's konvensionele operasies benader. Die ervaring wat hulle daar opgedoen het, was hoofsaaklik takties van aard.[42] Dis opgevolg deur Suid-Afrikaanse offisiere na Israel vir stafkursusse te stuur. Kmdt. (later kol.) Gert van Zyl, wat in 1983 bevelvoerder van 61 Meg geword het, het in 1981 self een van dié kursusse gevolg. Hy meen wat veral daar geleer is, was die gesamentlike aspek - die samewerking tussen (gemeganiseerde) infanterie, pantser, artillerie en genietroepe in brigade- en bataljonverband. Dit was iets waarin die Israeli's in dié stadium tot só 'n mate gespesialiseer het dat hulle eintlik nie meer 'n prinsipiële verskil tussen die verskillende soorte troepe getref het nie, maar pantser, infanterie, artillerie en genie alles onder die begrip *gemeganiseerd* saamgevoeg het. Van Zyl vertel dat dit alles hom tydens sy bevelstyd by 61 Meg baie gehelp het.[43]

Hoe ookal, die aard van die operasies in Angola het teen 1984 begin verander. Tot in dié stadium was hulle primêr teen Swapo gemik, en Fapla is net geteiken as hy aktief ingemeng het. Maar teen die einde van 1983, toe Operasie Askari van stapel gestuur is, kon gesien word hoe Swapo as't ware onder Fapla se vleuels inkruip, en

---

40 Vgl. Leopold Scholtz, "Kursk and the ten commandments of armoured warfare", **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 28/2, September 2003, pp. 19-22.

41 Kyk Tom Clancy, **Armoured warfare. A guided tour of an armoured cavalry regiment** (Londen, Harper Collins, 1996).

42 Onderhoud met brig.genl. Chris Gildenhuys, BG van die pantserformasie in die SANW, 14 Maart 2006.

43 Onderhoud met kol. Gert van Zyl, 21 April 2006.

het gevegte tussen die SAW en Fapla vir die eerste keer in omvang begin toeneem.[44]

In 1984 het Fapla en die SAW tot 'n asempouse besluit, maar in 1985 het sake 'n duidelike wending begin neem. Fapla se jaarlikse offensiewe teen Unita het al hoe ernstiger en moeiliker geword om af te slaan. Unita se oorlewing was vir Suid-Afrika van groot strategiese belang, ten eerste omdat die beweging Fapla verhinder het om op al te groot skaal tot Swapo se hulp toe te tree, en tweedens omdat Unita die hele suidoostelike hoek van Angola beset gehou het. Dit het dit vir Swapo onmoontlik gemaak om die Okavango en Caprivistrook van oorkant die grens te betree en het voorkom dat die rebellebeweging dié twee gebiede militêr-politiek aktiveer. Op dié manier het die konflik binne Suidwes hoofsaaklik tot Ovambo beperk gebly.

Suid-Afrika is dus genoodsaak om toenemend militêre hulp aan Unita te verleen, aanvanklik bloot deur lugaanvalle op Fapla-kolonnes, maar later ook deur klandestien artillerie-eenhede oor die grens te stuur. In 1987 was die offensief egter só groot dat Suid-Afrika 'n hele brigade moes ontplooi, eers net met artillerie en gemotoriseerde infanterie in die vorm van 32 Bn; later met Ratel-90's en selfs 'n eskadron Olifant Mk 1-tenks. Dit was gedurende dié operasie dat geïntegreerde eenhede soos 61 Meg en 4 SAI werklik tot hul reg gekom het.

Operasies Modulêr, Hooper en Packer is elders uitvoerig beskryf,[45] en dit is nie nodig om dit hier te herhaal nie. Wat hier wel van belang is, was die mikrobestuur van die veldtog deur die politici en generaals in Pretoria, ver van die gevegsterrein.[46] Dit was mense wat Roland de Vries se boek klaarblyklik nie gelees het nie.

Kortliks opgesom, het dit só gebeur: Fapla het teen die helfte van 1987 met sy jaarlikse offensief teen Unita begin, dié keer met oorweldigende krag. Unita het vir sy voortbestaan gevrees en Suid-Afrikaanse hulp gevra. Fapla se doelwit was om van Cuito Cuanavale langs die oostekant van die Cuitorivier suidwaarts op te marsjeer om Mavinga, suid van die Lombarivier, te beset. Met behulp van die landingstrook daar kon hy vervolgens Unita se hoofkwartier by Jamba verder ooswaarts bombardeer en onhoudbaar maak. Unita sou 'n groot deel van suidoos-Angola moes prysgee (kyk kaart op bl. 399).

---

44 Vgl. brig. genl. Dick Lord, "Operation Askari (a sub-commander's retrospective view of the operation)", **Militaria**, 22/4, 1992, p. 9.

45 Vgl. Helmoed-Römer Heitman, **War in Angola...**; Fred Bridgeland, **The war for Africa...** .

46 Die beskouing wat hierop volg, is gegrond op Leopold Scholtz, "Cuito Cuanavale: Wie het werklik gewen?", **Scientia Militaria** 28/1, 1998, pp. 16-61.

Die Suid-Afrikaners het twee keuses gehad: die een was om Fapla "in 'n kop-aan-kop volskaalse konfrontasie" oos van die Cuito aan die Lomba tegemoet te tree - presies die soort ding waarteen Roland de Vries gewaarsku het. Die ander, wat trouens deur offisiere op voetsoolvlak in die operasionele gebied voorgestel is, was om Fapla se opmars te vermy en *wes* van die Cuito noordwaarts te beweeg. Voor Fapla sy oë sou kon uitvee, sou die Suid-Afrikaanse brigade Cuito Cuanavale in Fapla se agtergebiede beset het. Daarmee sou die Angolese toevoerlinies afgesny gewees het, en die logiese verwagting sou wees dat die Fapla-opmars stagneer en die strydmag disintegreer. Op dié manier sou die SA Leër 'n haas bloedlose en amper totale oorwinning kon behaal het.

Maar soos gesê, die generaals en politici in Pretoria het klaarblyklik nie De Vries se boek gelees nie - en as hulle dit gelees het, het hulle dit nie verstaan nie. Deels om politieke redes (hulle het jou werklik waar die naïewe verwagting gehad dat hulle die ingryping van 'n volle brigade in Angola geheim kon hou; hulle was bang dat die veldtog andersins kon eskaleer), deels omdat hulle nie die beginsels van mobiele oorlogvoering intellektueel geïnternaliseer het nie, het hulle verkies om Fapla tromp-op te loop. In die proses het die Suid-Afrikaners Fapla aan die oewers van die Lomba inderdaad gruwelik gegaffel en 'n groot taktiese oorwinning behaal. Maar dit was nie genoeg nie. Daarna het hulle die Angolese in 'n reeks frontaanvalle teruggedryf sonder om hulle egter veel skade aan te doen. Fapla het eenvoudig grondgebied vir oorlewing verruil, en in die proses het sy verbindingslinies al hoe korter en dié van die Suid-Afrikaners al hoe langer geword. Lugsteun het vir die Angolese steeds makliker en vir die Suid-Afrikaners weens die afstand na die Lugmagbasis op Ondangwa steeds moeiliker geword. Die klimaks was drie brute frontaanvalle in ongunstige aanvalsterrein op uitstekend-voorbereide Fapla-stellings. Dit het teen elke operasionele en taktiese reël van konvensionele oorlogvoering ingedruis, en die gevolg was wat sommige offisiere op voetsoolvlak verwag het: die Suid-Afrikaners het drie keer met 'n bloedneus teruggesteier. En teen daardie tyd was die Suid-Afrikaanse betrokkenheid tog bekend.

Deel van die onderliggende probleem, volgens lt kol. Abel Esterhuyse van die Militêre Akademie, was dat die generaals in Pretoria saam met die grootste deel van die offisierskorps destyds oorwegend deel was van die "anti-intellektuele klimaat" in die SAW. Esterhuyse meen daar was 'n duidelike verskil tussen die TEIN- en die konvensionele offisiere. Eersgenoemdes, met hul intellektuele tuiste in die Infanterieskool in Oudtshoorn, was baie prakties - veral takties - ingestel. Enige TEIN-konflik - en dit sluit die een in Suidwes in - word immers oorweldigend op taktiese vlak gevoer, met korporaals en luitenante as bevelvoerders. Van dieper denke was daar by dié skool dus meestal nie veel sprake nie. (Uitsonderings was, soos reeds vermeld is, genls. "Pop" Fraser en Jannie Geldenhuys.) Die konvensionele offisiere,

soos onder meer uit die boek van Roland de Vries blyk, het wel intensief oor oorlogvoering op hoër vlak gelees, nagedink en geskryf. Helaas was die TEIN-skool diegene waaruit die generaals oorwegend gekom het.[47] Ook, as 'n mens vir wyle kol. Rocky Williams moet glo (wat die saak vanuit 'n ANC-hoek, maar tog met 'n bepaalde kundigheid bekyk het), was die TEIN-skool polities konserwatiewer en meer rigied in hul denke as hul konvensionele eweknieë.[48]

Wat ook 'n rol gespeel het, was die feit dat die operasionele vlak van oorlogvoering vir die SAW eenvoudig nie bestaan het nie. Die SAW se konsep van oorlogvoering het van die taktiese vlak onmiddellik na die strategiese gespring. Regdeur die oorlog was daar nóg wat TEIN, nóg wat konvensionele operasies betref, enige operasionele hoofkwartier. En dus redeneer Francois Vreÿ en Evert Jordaan in 'n hoogs insiggewende artikel:

> "The primary operational deficiency of the SADF during the SWA/Namibia conflict was the absence of an operational headquarters that could co-ordinate all tactical missions to effect operational and ultimately strategic results... There was no main effort or initiative above the tactical level. In both the SWA/Namibia and Angolan campaigns, there was seldom any co-ordination between the different tactical missions that were conducted. The tactical headquarters often did not know how their missions and aims merged with the broader operational picture. Due to the absence of operational level planning, the main effort was often unclear and the inadequate, or misguided distribution of resources clearly indicated it. This placed limitations on the resources available for all missions."[49]

Dit het beteken dat die generaals mikrobestuur op operasies in die veld, met inbegrip van die laaste een in Angola, toegepas het. Selfs taktiese optredes op bataljonvlak moes dikwels eers deur VHK in Pretoria goedgekeur word.[50] Helmoed-Römer Heitman skryf tereg dat die veldtog van 1987-'88 in Angola geen voorbeeld is "that the SADF should look to when considering its command and control doctrines" nie.[51]

---

47 Onderhoud met lt.kol. Abel J Esterhuyse, dosent in Militêre Strategie aan die Militêre Akademie te Saldanha, 18 April 2006.

48 RM Williams, "Integration or absorption? The creation of the South African National Defence Force, 1993 to 1999", **African Security Review** 11/2, 2002, pp. 22-3.

49 Vreÿ en Jordaan, p. 37.

50 **Ibid**.

51 Heitman, p. 341.

En dus, toe die politici in hul onkunde meen Fapla moet om politieke redes oos van die Cuito trompop geloop word, het die generaals klaarblyklik geen poging aangewend om hulle tot die teendeel oor te haal nie. Hulle het eenvoudig nie van beter geweet nie. En so het die laaste groot konvensionele veldtog waaraan die Leër deelgeneem het, weens gebrekkige denke op 'n dooie punt uitgeloop. Indien daar geen "anti-intellektuele klimaat" in die SAW en die Leër was nie, indien die Roland de Vries-benadering die algemene een was, en indien die Leër 'n behoorlike begrip van die operasionele vlak van oorlogvoering gehad het, sou Operasie Modulêr heel waarskynlik op 'n yslike oorwinning uitgeloop het.

## 6. GEVOLGTREKKING

Daar kan geen twyfel wees dat die Grensoorlog die SA Leër ingrypend beïnvloed het nie. Dit lyk of die Leër, soos trouens die hele SAW, sekere siklusse in die 20ste eeu deurloop het. Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog was die Leër, wat in Duits-Suidwes-, Duits-Oos-Afrika en in Frankryk geveg het, 'n betreklik professionele organisasie. In die jare daarna is hy totaal verwaarloos, met die gevolg dat hy in 1939 van voor af opgebou moes word. Teen 1945 was 6 SA Pantserdivisie in Italië die gelyke van enige formasie aan Geallieerde kant. Maar toe word die Weermag weer aan verwaarlosing oorgelaat, en toe die Grensoorlog in 1966 op 'n baie lae vlak begin, was die organisasie opnuut hopeloos onvoorbereid.

Dit het die Suid-Afrikaanse beperkte ingryping in Angola in 1975-'76 geverg om mense wakker te laat skrik. Opeens is ontdek dat die Leër wat toerusting, opleiding en doktrine betref hopeloos verouderd was en toe is met groot energie aan die werk gespring om die leemtes te vul. Daardie poging was grotendeels suksesvol. Die ontwerp van veral die Ratel het die Leër in staat gestel om 'n behoorlik mobiele en gemeganiseerde mag op die been te bring, terwyl die leemtes ten opsigte van pantser en artillerie ook gevul is. Lugafweer het egter deurgaans 'n probleem gebly.

Met die aanvaarding van 'n heel gesofistikeerde TEIN-doktrine is groot sukses met die stryd teen Swapo in Suidwes behaal, ofskoon die lojaliteit van die Ovambo's aan die rebellebeweging nooit gebreek kon word nie. Terselfdertyd is Swapo se rug grootliks gebreek in die opeenvolgende semikonvensionele oorgrensoperasies in Angola. Ten slotte het die konflik sy klimaks in 'n mobiele, konvensionele veldtog teen Fapla bereik. Daar het die Leër op taktiese vlak groot sukses behaal, maar omdat die belangrikste leiersgroepe nie die lesse van konvensionele oorlogvoering behoorlik verstaan het nie, is verkeerde operasionele besluite geneem, waardeur 'n feitlik sekere oorwinning in 'n gelykop dooiepunt omskep is.

Nietemin het die SA Leër, wat die einde van die bosoorlog in 1989 meegemaak het, 'n totaal ander aanskyn gehad as in 1966. 'n Ondoeltreffende, swak-toegeruste en sleg-opgeleide mag is omskep in 'n geharde, goed-toegeruste, opgeleide mag met 'n hoë moreel. Dit was 'n mag wat daarin geslaag het om tyd te win vir die Suid-Afrikaanse regering, sy politieke meester, totdat die internasionale klimaat vir 'n politieke skikking met Swapo ryp geword het. En daardie skikking was 'n belangrike voorbeeld van dit wat later in Suid-Afrika tussen die regering en die ANC gebeur het.

Helaas dui alles daarop dat die 20ste-eeuse siklus in die 21ste eeu herhaal word. Die Leër van 2006 is oor die algemeen net 'n skadu van die een van 1989. Maar dit is 'n verhaal vir 'n ander dag.